# NUUSGENOOT

Moenie wonder nie, weet!

Nuusbrief van die ATKV | April 2022

# HOE PROE JOU TAAL?

"My pa het *even* gesê: 'As jy nie die antwoord hier gaan kry nie, gaan kry dit in die Bybel.' En ek het *some sort of comfort* daarin gekry."

Toe, op 'n dag, gee 'n vriend van sy suster hom waardevolle raad. "Hy sê vir my ons almal sien die akkedis se stert val af, en dit lyk *painful*, maar jy sien die akkedis pak aan.

"En as die stert teruggroei, is dit een van die mooiste sterte wat jy ooit gesien het. So pak jý aan; hierdie is net die deel waar die akkedis se stert afval."

Aan die woord is Early B, *Taalgenoot* se voorbladgesig vir die Herfs-uitgawe. Dit is vir my persoonlik die perfekte voorbeeld van hoe divers, oorspronklik en kleurvol Afrikaans se dialekte is. Ons nuwe veldtog, "Hoe proe jou taal?" (sien regs), skop gedurende April af. Hiermee wil ons graag wys dat dit nie saakmaak hoe jou Afrikaans klink nie - by ons, as 'n organisasie, is jy altyd welkom.

Op 21 Maart was dit Menseregtedag. Ook hier doen die ATKV sy deel.

Ons meer as 300 takke landwyd en in Namibië het die afgelope meer as 92 jaar nie net hele gemeenskappe gehelp nie, maar ook honderde skole en duisende individue deur projekte wat wissel van vroeëkinderontwikkeling en die uitdeel van die Vriende van Afrikaans (VVA) se boektrommels by verdienstelike skole en kleuterskole, tot volwasse onderrig en voedingskemas.

Die ATKV-takke se wye verskeidenheid aksies en projekte demonstreer daagliks hoe 'n mens omgee kan uitleef, onderlinge begrip kan kweek en basiese menseregte kan bevorder terwyl jy gemeenskappe saamsnoer.

Hiermee ons April-uitgawe van *Nuusgenoot*. Geniet dit!




## Dialekte-veldtog skop af!

Afrikaans is lankal nie meer die kombuistaal van ouds nie. Deur die dekades heen het die jongste taal ter wêreld soos 'n pou sy vere begin sprei en verskeie kleurvariante ten toon gestel.

Vandag praat ons almal Afrikaans op ons eie manier en tog bly ons verenig.

Die taal het deur die jare leer tiekiedraai in Namakwaland en leer skoffel in Pretoria; hy skuur met 'n brei in Malmesbury en gee jou met Afrikaaps 'n dwarsklap op die Vlakte dat jou ore sing.

Die ATKV het besluit die organisasie se veldtog vanjaar gaan die uniekheid van ons taal en al sy dialekte vier.


Lees meer hier.

Onthou om ook 'n draai te gaan maak op die ATKV se webwerf en sosialemediaplatforms.



Belê in jouself! | Belê in jou toekoms! | #weesdieverskil

ATKV



## ATKV-tak Rhenosterberg gee wen-wiskundeklasse!

Vir baie leerders is wiskunde en die aanleer van wiskundige bewerkings en redenasies 'n groot uitdaging en oor die afgelope paar jaar het net meer as 50% van matrikulante wat wiskunde as 'n vak gehad het, die vak in die eindeksamen geslaag. Al hoe minder kinders neem ook wiskunde as 'n vak en tog vereis soveel studierigtings wiskunde op matriekvlak.

Die gemeenskap van Middelburg in die Oos-Kaap het hulp vanuit eie geledere gekry om die leerders van die omgewing te help om hul wiskundepunte te verbeter.

Donald Smiles, die voorsitter van die ATKV-tak Rhenosterberg op dié dorp, was sy lewe lank betrokke by die onderrig van wiskunde. Hy het 'n paar jaar gelede afgetree, maar beskik steeds oor die kennis en vaardighede om leerders met wiskundige probleme te help.

Donald vertel dit was Gertjan Holtzhausen, streeksbestuurder van die ATKV se #weesdieverskil-veldtog van 2019, wat die idee vir die projek om ekstra wiskundeklasse aan graad 12-leerders te bied geplant het.

Lees hier verder.

## Jeugtak Marlow bring die lekker van lees na plaaskinders

Daar is dorpies in ons land wat vergete is. Dorpies wat weg van die besige N1-hoofweg is, waar die meeste mense selde kom.

Dit klink dalk idillies, maar vir baie van die inwoners – en veral die kinders – is hul dorpie 'n eiland.

Cradock is so 'n plek. Baie kinders hier het nie toegang tot die internet of behoorlike leesstof nie.

Daarom gaan die ATKV-jeugtak Marlow in die volgende skoolkwartaal 'n projek op dié dorpie van stapel stuur om vir die plaaskinders van die omgewing ordentlike leesstof in te samel.

"Ons gaan met die Baroda- Boek- en Leesprojek vir die kinders die wêreld van stories wys," sê Nicoli Britz, takvoog van die jeugtak Marlow.

Lees hier verder.

# ATKV ERKEN ALLE VARIËTEITE VAN AFRIKAANS BY SUIDOOSTERFEES




Gedurende die Covid-19-pandemie was feestyd meestal van die kalender geskrap. Die Suidoosterfees het wel tydens die pandemie op klein skaal projekte en 'n fees aangebied, maar sien uit daarna om nou groter aanbiedinge aan te pak.

Vanjaar lyk dinge weer meer normaal en feeskatte kan opgewonde raak om die immergewilde Suidoosterfees van 27 April tot 1 Mei by te woon.

Die ATKV as 'n taal- en kultuurorganisasie ondersteun dié fees al die afgelope 16 jaar.

Vanjaar gee hulle as borg van die fees erkenning aan al die variëteite van die Afrikaanse taal.

Gerrie Lemmer, die ATKV se uitvoerende hoof van kultuur, sê die ATKV is opgewonde om deel te wees van die Suidoosterfees. "Ons wil deel in hul kreatiwiteit en saam met die Suidoosterfees bou aan die toekoms, want uiteindelik is kunstefeeste onherroeplik deel van 'n suksesvolle Suid-Afrika."

Die ATKV se betrokkenheid stel die Suidoosterfees in staat om ontwikkelingswerk in Afrikaans te laat gedy, kritiese debatvoering te stimuleer en om nuwe produksies in Afrikaans die lig te laat sien. "As 'n kunstefees wat nuwe kunsuitings vervaardig dra die Suidoosterfees by tot die ontwikkeling en vooruitgang van teater en ander genres in die uitvoerende kunste.

"Inwoners van Kaapstad en omgewing kry deur feesaktiwiteite die geleentheid om die kunste op 'n bekostigbare manier te ervaar en te geniet, en toerisme na die stad word danksy 'n unieke feesaanbod aangemoedig," sê Gerrie.

Volgens hom is kulturele diversiteit en inklusiwiteit sentrale uitgangspunte wat die Suidoosterfees se bedryfsaktiwiteite rig binne die raamwerk van 'n tweeledige doelstelling: (1) om 'n platform te bied waar plaaslike kunstenaars se talent ten toon gestel en nuwe talent ontgin kan word; en (2) om teater en kuns toeganklik en bekostigbaar te maak.

Die Suidoosterfees glo in die krag van kuns om ontwikkeling en samehorigheid binne die gemeenskap wat gedien word te bevorder.

In die lig van bogenoemde ondersteun die ATKV die Suidoosterfees soos volg:

Lees hier verder.



# Spesiale aanbod aan ATKV-lede!



Gemengde kis Kaapse, top-gehalte, familielandgoedwyn met gratis aflewering landwyd.



## @R450
vir 6 bottels

1. Chenin Blanc Barrique 2019
2. Grenache Rose 2021
3. Shiraz Mourvedre Grenache 2020
4. Pinotage 2020
5. Cabernet Sauvignon/Malbec/Petit Verdot 2020
6. Shiraz 2020

*5 Generasies van passie en toewyding!*

**Klik hier om te bestel of stuur 'n e-pos na sales@fraterfamilywines.co.za.**

**Die Frater-familie maak al wyn op die historiese De Zoete Inval-plaas vir meer as 100 jaar.**
Die plaas is een van die oorspronklike Paarlse plase en die tuiste van die eerste Du Preez in Suid-Afrika. In 2018 het 5de generasie-wynmaker John Robert Frater sy nuwe premiumreeks FRATER FAMILY WINES bekendgestel.

*Moenie die geleentheid misloop om dié uitstaande uitvoerwyne te bekom nie.*

FRATER FAMILY WINES

ATKV

# AFRIKAANS VIR ALMAL-PROJEK IN SOWETO FLOREER

Afrikaans vir Almal is die ATKV se projek in Soweto wat ten doel het om Afrikaans as vriendelike taal te bemark deur die aanbied van Afrikaansklasse op Saterdagoggende en sommige weeksmiddae aan kinders van die omgewing.

Die projek, wat eers as Afrikaans in Soweto bekendgestaan het, bars die afgelope jaar uit sy nate en Suzie Matlhola, projekbestuurder, sê hulle moes dringend alternatiewe klasspasie kry.

Herman Brauer, eienaar van African Power Cement, het van Suzie se behoefte te hore gekom en 'n skeepsvraghouer geskenk wat in 'n klaskamer omgeskep is.

"Nou is daar meer as genoeg plek en ons kan rustig met klasse voortgaan," sê Suzie. Ongeveer 20 leerders kan gemaklik in so 'n vraghouer-klas sit.

Suzie is die afgelope 33 jaar al by die ATKV betrokke.

Dit is juis dié feit wat kinders na haar laat begin stroom het om hulle met hul Afrikaanshuiswerk te help.

Vandag help sy en haar span tientalle kinders van verskillende skole in Protea Glen, Soweto, om Afrikaans baas te raak.

Lees meer hier.




## Die ATKV-Tienertoneelkompetisie open nuwe wêrelde op Kakamas!

Reeds as skolier was Barnie Mans begeesterd oor die idee van tienertoneel.

Sy ma was die afrigter van die Hoërskool Martin Oosthuizen op Kakamas se tienertoneelgroep en ná die voltooiing van sy honneursgraad aan die Universiteit Stellenbosch het hy teruggekeer na Kakamas om daar skool te hou. Mettertyd het hy self aan die stuur van die tienertoneel by die skool gestaan.

"Die lekkerte van werk met die jongklomp is om die ongelooflike groei by elkeen te sien.

"Soms sit jy met 'n outjie wat skaars kan praat en uiteindelik ontwikkel hy tot 'n wonderlike akteur wat 'n rol in 'n ander produksie wen.

"Dis heerlik om te sien hoe kinders op vele vlakke ontwikkel deur middel van tienertoneel.

"Kinders leer om hulself te handhaaf, te ontdek en te laat geld tussen ander."

Lees meer hier.






## Taalgenoot nou beskikbaar!

In die jongste uitgawe van *Taalgenoot* het ons niemand anders nie as die formidabele kletsrymer Early B op die voorblad.

Hy vertel ons van sy nederige herkoms, sy liefde vir motors en hoe hy die ryme laat gebeur.

Ons stel lesers voor aan ons nuwe rubriekskrywer, Zelda Nel Bezuidenhout, wat al die boekebladsye laat gons het met haar jeugverhale.

Ons stel vas of China ons moet bang maak, hoe Afrikaans oorsee lewe, en hoe jou taal net kan wegraak as gevolg van 'n breinbesering.

Ons stel 20 vrae aan digter Hilda Smits, ons gaan kuier by Tannie Evita in Darling, en by Hester en Hettie op Prins Albert.

Lees *Taalgenoot* hier.

## Verbreed jou reikwydte met Nuusgenoot

Wil jy die ATKV se ledebasis bereik met jou besigheid en dienste? Wel, hier is jou kans om te adverteer!

Dié elektroniese nuusbrief word maandeliks aan 55 000 ATKV-lede gestuur en maak dit 'n ideale medium om jou besigheid te bemark. Sien regs vir tariewe en spesifikasies en kontak gerus vir Wendy Homann by WendyH@atkv.org.za vir meer inligting.

Nuusgenoot neem nie aanspreeklikheid vir die taalkorrektheid of voorkeur van die taal van adverteerders of advertensies nie.

NUUSGENOOT

**Die elektroniese nuusbrief van die ATKV word maandeliks aan 55 000 ATKV-lede gestuur.**

**Tariewe/uitgawe:**

| | |
|---|---|
| 1 X A4-advertensie: | R3 000 |
| 1 x A5-advertensie: | R1 500 |
| 1 x kwartbladadvertensie: | R1 000 |

**Verskaf materiaal asseblief soos volg:**
- Hoë-resolusie PDF of JPG
- Alle advertensies moet in Afrikaans wees. (Vertaling van Engelse materiaal op versoek beskikbaar.)
- Verskaf materiaal op 15de van die maand van uitgawe.

**Tariewe sluit BTW en agentskapkomissie uit**
**Materiaal: JPEG of PDF**



# ATKV-TAK TEHILAH VIND OPLOSSINGS

Sowat 180 km noordoos van Kaapstad lê die dorpie Touwsrivier, wat in 1877 begin het as 'n spoorwegstasie.

Met die stelselmatige ineenstorting van die Suid-Afrikaanse spoorwegstelsel ná 1994, het die dorp voor groot uitdagings te staan gekom.

Werkloosheid en armoede het meteens aan baie mense se voordeur kom klop.

Clemence Thomas, voorsitter van die ATKV-tak Tehilah, het sowat 18 jaar gelede teruggekeer na sy grootwordplek.

In daardie jare wou die banke nie eens aan hom 'n huislening toestaan nie, want, het hulle gesê, Touwsrivier gaan 'n spookdorp word.

Tog was dit nie die geval nie. Ten spyte van die hoë werkloosheidskoers is daar genoeg verskilmakers in die dorpie om seker te maak dinge gaan nie heeltemal ten gronde nie.

Lees meer hier.






# 'Dis fantasties om weer fees te kan hou'



Dit was 'n blye dag toe daar in Januarie vanjaar aangekondig is dat die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) weer vanaf 29 Maart tot 3 April 2022 in "lewende lywe" sou terugkeer na Oudtshoorn.

Twee jaar gelede is die ikoniese Karoofees in sy spore gestuit deur die inperkingstyd en streng veiligheidsmaatreëls wat deur die Covid-19-pandemie genoodsaak is.

Die fees het ook nie verlede jaar fisies plaasgevind nie en kunsteliefhebbers en teatergangers moes tevrede wees met kuns en kultuur op verskeie digitale platforms.

Gerrie Lemmer, uitvoerende hoof: kultuur van die ATKV, sê dit was wonderlike nuus, want daar is immers geen plaasvervanger vir 'n lewendige fees nie. "Dis fantasties om weer te kan fees hou. Die laaste twee jaar het almal maar probeer aan die gang bly met digitale aanbiedings, maar dit is net nie dieselfde nie.

"As 'n mens nou kyk na die entoesiasme van almal wat betrokke is by die fees – die akteurs, kunstenaars en musikante – besef 'n mens daar is geen manier om dit te vervang nie."

Lees meer hier.

## Goudini Spa suiwer gryswater vir gebruik

Wêreldwaterdag is vanjaar op 22 Maart gevier met die tema "grondwater".

Volgens worldwaterday.org is grondwater die aarde se grootste varswaterbron. En, soos klimaatsverandering intree, sal grondwater al hoe meer kosbaar word.

Met die bewaring van een van ons kosbaarste hulpbronne in gedagte, het die ATKV-Goudini Spa besluit om die daad by die woord te voeg met 'n waterprojek waarin gryswater omgeskakel word in bruikbare water vir die oord.

Volgens Waterwise is Suid-Afrika die 30ste droogste land ter wêreld. Ongeveer 77% van ons varswater word deur oppervlakwaterbronne voorsien en 19% word deur grondwaterbronne aangevul.

Die oorblywende 14% bestaan uit herwinde water.

As gevolg van die geografiese aard van ons land, het Suid-Afrika beperkte waterbronne.

Die waterskaarste wat ons ervaar word egter deur meer as net omgewingsfaktore veroorsaak.

'n Tekort aan infrastruktuur en ekonomiese ontwikkeling is die hoofredes waarom 19% van plattelandse gemeenskappe nie toegang tot water het nie.

Lees meer hier.